# Polsslag

**1 Junie 2025**

Rom. 12: 2

## Gereformeerde Kerk Benoni



# Genade vir jou is so vas soos die natuurwette

## Dr. Griffel van Wyk

'Daar is dan nou geen veroordeling vir diegene wat in Christus Jesus is nie. Die wet van die Gees wat in Christus Jesus die lewe gee, het jou immers vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. '
Romeine 8:1 – 2

Het jy al ooit beleef dat swaartekrag ophou werk? Nee, dis ‘n natuurwet wat vas en seker is. Net so is daar ‘n ander reëlmatige wet wat vas is: die straf op oortreding van God se wet is die dood. Dis die vaste noodwendige gevolg. Maar, wat as daardie straf klaar gedra is?! Dan mag die gevolg – die oordeel en dood – mos nie meer daar wees nie! Dis óók vas soos ‘n natuurwet!

Noudat Jesus Christus die straf gedra het, is daar eenvoudig geen meer veroordeling meer vir die wat in Christus is nie. Dit kan nie en mag nie. Volgens die ewige wette van regverdigheid en reg. Maar wat van sonde wat ek nog doen? God se wet op sy eie kan nie sonde uit ons lewens hou nie. Daardie “grensdraad” is te swak vir ons sterk en gebroke menslike natuur. Ons het die grensdraad heeltyd gebreek en die sonde ingegooi.

Maar na Jesus se werk voltooi is, is daar nou ‘n ander wet, ‘n ander reëling, wat ons rig. Die wet van die Gees. Hierdie “wet” sê dat ons nou onder sy leiding lewe en Hy ons leer om sy wil te wíl doen. My sondige natuur het nie meer die houvas van ‘n slawe-eienaar nie. En ek kan werklik uit my hart die goeie begin doen, wat God in elk geval in sy wet van my gevra het. Dit wat uit geloof, volgens sy wil en tot sy eer is, en nie op menslike idees of tradisies gegrond is nie (HK Sondag 33).

Sy genade vir jou is dus so vas soos die natuurwette! So min as wat jy bang is swaartekrag sal môre ophou werk, so min hoef jy bang te wees dat genade vir jou sal ophou. Dis vas.


### Adres

24b Miles Sharpstraat, Rynfield, Benoni, 1514

### Kerkkantoor ure

Maandag – Vrydag: 09:00 – 16:30

### Predikant

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

### Pastorale berader

Ds. Louis Buys
082 927 2054

### Kontakbesonderhede:

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za


**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS ‘N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Emeritaatsversorging**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 25 Mei**

**Diens van barmhartigheid R 5 999**
**Snapscan: R4 101.80**
**Bybegenootskap: R 2 183**
**Snapscan: R281.20**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




Geestelike dissiplines is nog 'n manier waardeur gelowiges geestelike groei ervaar. Die woord dissipline is nou verwant aan die woord dissipelskap. In die Skrif is 'n dissipel iemand wat onderrig is in die leer van Christus. Bybelse dissipelskap vind plaas wanneer gelowiges in die Woord van God onderrig word. Gelowiges word deur God geroep om selfdissipline na te streef.

Die Skrif spoor ouers ook aan om hulle kinders te dissiplineer, om hulle in die dissipline en opleiding van die Here groot te maak (Ef. 6:4). Daarom ook die roeping om reg te stel wat verkeerd is en 'n mens meer te beywer vir die goeie van die Here. Ons sien dit bv. in die lering oor die kerklike tug (Matt. 18:15–20; Heb. 12:3–11). Dat gelowiges mense moet wees wat mekaar reghelp en ophelp.

In ons teksgedeelte sien ons dit is 'n proses van herhaling en vermeerdering. Hiervoor moet ons as dissipels ons beywer. Om jou vir iets te beywer beteken tog om doelmatig hard te werk met 'n vaste ingesteldheid. Die Here gee ons geestelike dissiplines as gereedskap om ons te help in hierdie nougesette ywer en ingesteldheid.




Sommige dae van ons lewens staan ons op en die 'te doen' lys voel verregaande. Dit is so dat ons baie besig kan word met allerhande dinge, soms in so mate dat daardie te doen lys baie min dinge op het wat goed en gesond is vir jou geloofslewe en jou aktiewe verhouding met Jesus en sy kerk!

Daarom is dit belangrik dat jy ook 'n te doen lys het vir jou geloofslewe en dat daardie lys heel eerste staan. God is immers ons nommer een prioriteit en sy roeping vir ons, ons nommer een strewe. Dit is belangrik dat die dinge wat ons doen in en vir ons geloof so ingeweef is met ons karakters en prioriteite dat al die ander te doen dinge daarby inval.

Ons kyk saam na gesonde balans in die Christelike lewe en identifiseer 6 merkers vir 'n gesonde dissipels lewe!

**KINDERS ONTHOU OM 'N BLAADJIE IN TE VUL TYDENS DIE OGGENDDIENS**

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**1 Junie**
Liezel Raubenheimer
André Venter *

**2 Junie**
Quintin Bateman

**3 Junie**
Loralei Marx #
Sophie Velthuysen *
Una Vos

**4 Junie**
Hester Buys **
Verita Moller *
Hanré van Niekerk #

**5 Junie**
Danike Vos

**6 Junie**
Helen Mia

**7 Junie**
Wilmi Bakker

***Dooplidmaat #***
***≥70 * ≥80 ****
***≥90 *****

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Lynette Louw het in die afgelope week vir 'n angiogram gegaan en sien volgende week die internis.
- Verskeie van ons lidmate kry behandeling vir kroniese siektes en is verswak. Ons dra almal aan die Here op in gebed.
- **GELUKWENSING:** Henning en Bianca van Wyk doop vanoggend hul seuntjie, Ilànn.




## LOSMAKING AS DIENSGROEPLEIER

Ina Bolt ontvang losmaking uit haar amp as diensgroepleier van Nuwe Lidmate.

Ons is baie dankbaar vir haar getroue jarelange diens!

## VOLWASSE KATEGESE

Ons begin weer binnekort met volwasse kategese. Indien enigiemand belangstel om deel hiervan te wees, kontak asb. Lidia Venter by die kerkkantoor.







*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*

# ONS BEVESTIG VANDAG NUWE LEIERS

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN IN JUL DIENSWERK EN JUL AKTIEF IN ONS GEMEENTE GEBRUIK!**



**ANRO VAN ZYL**
**OUDERLING: BLOK D**



**LEONI DU PLESSIS**
**OUDERLING: KOINONIA-AKSIEDIENSGROEP**



**ALIDA PRETORIUS**
**DIENSGROEPLEIER: PALMS**



**OWEN SHAW SNR**
**WYKSLEIER WYK D2**



**MAGDALEEN SHAW**
**WYKSLEIER WYK D3**



**DIRK PRETORIUS**
**WYKSLEIER WYK E3**



**LIZÉL VENTER**
**DIENSGROEPLEIER: ESTETIKA EN DEKOR**



**LEATITIA VAN STADEN**
**DIENSGROEPLEIER: GROOT GEMEENTE AKSIES**



**HANNES VAN DER LINDE**
**DIENSGROEPLEIER: BEROEPS-VEILIGHEID EN -GESONDHEID**

# INLIGTING RAKENDE DIE BEROEPINGSPROSES

Die strategiese diensgroep het op 20 Mei vergader.

Uit die vier vraelyste wat afgelope maand uitgestuur is, het ons drie terug ontvang. Twee van hierdie kandidate se voltooide vraelyste is baie belowend en hulle voldoen aan die riglyne wat ons in ons beroepingskriteria gestel het. Die predikante hier ter sprake is **Ds. Barend van der Westhuizen** van Gereformeerde Kerk Ermelo en **Ds. Jaco Linde** van Gereformeerde Kerk Witrivier.

Daar is egter nie baie preke van Ds. Van der Westhuizen aanlyn beskikbaar nie. Die kerkraad het die besluit geneem dat ons hierdie twee predikante graag wil ontmoet en hoor preek voordat ons hulle aan die gemeente voorhou. Ons sal ook graag met hulle 'n gesprek wil hê om hulle beter te leer ken.


Die huidige besluit is dat ons op Sondag, 1 Junie, afgevaardigdes na die twee gemeentes sal stuur om die oggend erediens by te woon en met die onderskeie predikante informeel in gesprek te tree met die doel om hulle beter te leer ken en duidelikheid oor hul standpunte te kry. Die afvaardigings sal onder die voorsitterskap van ds. Rynhardt Pretorius na Ermelo en dr. Braam Krüger na Witrivier plaasvind.

Na afloop van die ontmoetings, sal die Strategiese Diensgroep weer DV op 3 Junie vergader en die terugvoer oorweeg, waarna daar aanbevelings aan die kerkraad gemaak sal word.



## Ds. Jaco Linde (GK Witrivier)

- Getroud met Suzaan vir 6 jaar.
- Geen kinders nie.
- Geniet dit om te kamp, fotografie, om te stap met hul honde en tyd met geliefdes deur te bring.
- Hy geniet *trail running* vir oefening.
- Hy het 'n belangstelling in sielkunde en pastorale berading.




## Ds. Barend van der Westhuizen (GK Ermelo)

- Getroud met Carike vanaf 2022.
- Hulle het 'n seuntjie, Hanno.
- Geniet dit om te kamp, te draf en bergfiets te ry. Hy speel graag ook gholf en doen houtwerk in sy vrye tyd.
- Hy is tans besig met sy Meestersgraad in Nuwe Testament.

# Polsslag advertensies Junie 2025

Rom. 12: 2

## RIGLYNE VIR ADVERTENSIES:

- Gebruik duidelik leesbare skrif.
- Afskrifte word in swart en wit gemaak – maak seker die kleure is eenvoudig vir leesbaarheid.
- Advertensies word op die vroegste 4 weke voor 'n geleentheid geplaas.
- Advertensies sal nie langer as 4 agtereenvolgende weke vertoon word nie.
- Stuur asb. alle advertensies na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.

## RIGLYNE VIR KENNISGEWINGS:

- Stuur asb. alle kennisgewins se bewoording na lidia@gkbenoni.co.za of 063 640 9304
- Stuur asb. teen **Donderdag 12:00** vir plasing die komende Sondag.




## NAVRAAG OOR HUURMOONTLIKHEDE

Frans en Nicoli Müller is tans in hul laaste jaar as huisouers by die kinderhuis na 25 jaar se werk. Hulle kyk solank uit na 'n plek om volgende jaar te huur. 'n Huis met tuinwoonstel, net 'n huis of net 'n tuinwoonstel sal goed wees. Dit moet troeteldiervriendelik wees vir hul 2 miniatuur Schnauzers wat saam trek.

Kontak hulle asb. direk indien jy kan help of van iets wees: Stuur 'n Whatsapp na **060 347 4161** of e pos na nicolikrause@gmail.com.

## WERKSGELEENTHEDE GESOEK

**POPPIE JOHNSON** het ervaring as ontvangsdame en 'n agtergrond in administrasie, bemarking en voorraad opname. Kontak haar gerus vir 'n volledige CV en indien jy weet van 'n werksgeleentheid (**079 524 9154**).

**TREVOR KRUGER** kan loodgieter-, bou-, hout- of meganiese werk doen, werk as 'n *plastic injection moulding operator en setter* of werk in 'n pakhuis. Kontak hom asb. direk by **072 088 8096**

## WERKSGELEENTHEDE BESKIKBAAR

We have a junior admin position available for a school leaver with strong language skills and great attention to detail. Please send your CV to **madeleine@boelavdm.co.za**. Based in Primrose area.

Posisie vir 'n jong wit man of pensioenaris wat nog wil werk. Geen ondervinding is nodig nie. Hy sal in diens opleiding ontvang. Kontak asb. **Jaap Jan Sterkenburg** van Japs Engineering by **082 890 9476**

## SKENKINGS VIR SOLIDARITEIT WELKOM!

Indien jy enige goedere, klere, boeke of ander gebruiksitems in jou huis het wat jy nie meer gebruik nie en wil skenk, kontak asb. Hannes of Elma Venter (083 230 2624). Hulle skenk dit graag aan behoeftiges by Solidariteit.

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*